# SONDAGSKOOL LES: **Jesus ons Goeie Herder**

**Doel van les:**

- Hierdie week leer ons dat deur Jesus ons Goeie Herder is en ons Sy skape. Hulle leer ook dat ons op Jesus kan vertrou om oor ons te waak, ons te lei en ons veilig te hou.

**Ysbreker:**

- **Maak 'n skapie:** Gee vir elke groep 'n sak met items in. Hulle kry 10 minute om 'n skapie te maak van die items in die sak. Kyk wie maak die snaakste, kreatiefste skapie.

**Sê:** Wie van julle moes al 'n jong kind oppas? Wat gebeur as mens hulle net vir 'n oomblik alleen los? Wel nes daardie kinders, is dit ook glad nie 'n goeie idee om 'n skaap alleen te los nie. Hulle dwaal af, drink besmette water en kan hulleself in allerhande moeilikheid kry. Hulle het iemand nodig om hulle te lei. 'n Skaapwagter. Die skaapwagter moet nes die "babysitter" baie mooi aandag gee aan sy skape en hulle mooi oppas. Soos julle weet gesels ons hierdie kwartaal oor name en eienskappe van Jesus. Een van Sy name is dan ook die Goeie Herder.

**Groepwerk: (5 min)**

Voor ons in die Bybel gaan lees oor Jesus as ons Goeie Herder, kyk gou of julle kan sê hoe 'n skaapwagter na regte skape sal kyk.

- Hy kry vir hulle vars en skoon water.
- Hy lei skape verby klipperige grond, giftige plante ens na goeie gras.
- Hy weerhou hulle daarvan om af te dwaal.
- Hy beskerm hulle teen wilde diere.
- Hy lei die skape elke aand terug na hulle kraal toe.

Kry terugvoering.

Lees in groep Johannes 10:1-18

**Waar of onwaar vrae:**

1. Skape sal na enige iemand gaan wat hulle roep. Waar/onwaar (Onwaar – vers 5. Hulle sal wegvlug van vreemdelinge)
2. 'n Goeie herder sal sterf vir sy skape. Waar/onwaar (Waar – vers 11)
3. Vreemdelinge en huurlinge sal 'n wolf wat die skape probeer aanval keer. Waar/onwaar (Onwaar – vers 12-13. Hulle sal vlug oor hulle nie omgee/lief is vir die skape nie)
4. Skape herken hulle eie herder aan sy stem. Waar/onwaar (Waar – vers 3-4)

5. Jesus ken Sy skape. Waar/onwaar (Waar – vers 14)
6. Jesus was geforseer om vir Sy skape te sterf. Waar/onwaar (Onwaar – vers 17 en 18)
7. Die dief kom om te steel en te verwoes. Waar/onwaar (Waar – Vers 8, 10 13)
8. Die dief verwoes en steel. Wat doen Jesus? (Gee ons lewe in oorvloed)

Kry terugvoering.

**Sê:** Jesus het die voorbeeld van skape en skaapwagters gebruik oor die mense dit verstaan het en dit vir hulle so alledaags was soos rekenaars en karre vir ons is. Skaapwagters het baie tyd met hulle skape deurgebring en elke skaap geken by die naam. Hy kon dadelik sien tussen 'n klomp skape watter aan hom behoort en die skape het sy stem tussen ander se stemme uitgeken. Al is skape nie so baie slim nie, sou hulle nie 'n vreemdeling volg nie. Hulle sou weghardloop en uitmekaar spat, maar sou nooit die vreemdeling volg nie.

**Groepwerk:** Met alles wat julle tot dusver gehoor het, kyk gou of julle 'n lysie kan skryf van hoe Jesus ons Herder is. (Hy lei ons, beskerm ons, voed ons, red ons ens.)

Kry terugvoering.

Wanneer ons Jesus aanneem word Hy ons Goeie Herder en ons Sy skape. Soos ons agtergekom het vandag sorg Hy vir ons. Is jy een van Sy skape? Luister vandag na Sy roepstem en begin om Hom te volg. Hy sal ons beskerm en nie weghardloop nie.

Sluit af in groepe met gebed.